

verLOSweesfees!

Inleiding

Het jy al gewonder hoekom ons praat van nagmaal vier? Wanneer vier mens 'n ding? ...Dis as jy terugkyk na 'n fantastiese iets wat gebeur het, en jy is van voor af weer bly daarvoor. Ons vier bv. 'n verjaarsdag. Hartseer goed kan jy herdenk. Maar blywees goed word gevier – amper altyd met lekker eet en drinkgoed! Feesvier pas by lag, ontspan, dankbaarwees, saam blywees. Vrolik met 'n lekker vol maag.

Om Nagmaal te **vier** is dus nie 'n tyd vir lang gesigte nie, want nagmaal is in sy wese 'n verLOSweesfees.

Ons gaan bietjie die spore deur die Bybel volg om meer te leer van die groot blydschap van nagmaal as 'n verLOSweesfees. 'n Blywees wat begin by 'n klein volkie duisende jare terug en uitkring tot by mense in Vanderbijlpark!

Israel – Slawe in Egipte & Bevryding

Die volk Israel is in Egipte as slawe gebruik om groot voorraadstede vir die Egiptenare te bou. Vir 450 jaar het hulle al die harde en vuil werk van Egipte gedoen (Eks 12:40). Om 'n idee te gee hoe lank dit was: Vandat Jan van Riebeeck hier aangekom het tot vandag is maar omtrent 360 jaar!

Hulle het nie geweet of dit gaan ophou nie. Maar die Here het hulle gehoor en hulle is uiteindelik deur God uit Egipte bevry. Hulle moes 'n lammetjie slag op die laaste aand en dit saam met ongesuurde brood eet. Die bloed van die lammetjie is aan die deurkosyne gesmeer sodat die doodsengel net die Egiptenare tref en hulle verlos kon word.

Pasga – Teken van bevryding

Die Israeliete moes daarna elke jaar vir 'n week lank fees hou om dit te vier - die Pasga of Paasfees (Eks 12). Hulle moes brood bak en skaap slag. Braaivleis hou en eet. Dit klink na 'n tipe fees vir Suid Afrikaners!! Jy moet

uithou vermoë hê vir so partytjie – meeste van ons kan nie eers die paar dae rondom kersfees volhou nie!

Hierdie fees moes hulle herinner aan die lammetjie wat geslag was sodat hulle kon bly lewe en uiteindelik vry wees van die Egiptenare. Dit was 'n verLOSweesfees.

Eksodus 12 – verse oor die fees.

In Egipte het die Here vir Moses en Aäron gesê: 2“Hierdie maand is vir julle die belangrikste maand; dit moet die eerste maand van die jaar word.Elkeen moet sorg dat hy op die tiende van hierdie maand 'n lam vir sy gesin het, vir elke huisgesin een. 4As 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, kan 'n man en sy naaste buurman dit onder mekaar verdeel volgens die getal persone.

....8Nog dieselfde nag moet julle die vleis eet. Julle moet dit gebraai eet, saam met ongesuurde brood en bitter kruie. 9Julle moet dit nie rou of in water gekook eet nie, maar oor die vuur gebraai, met kop, pootjies, binnegoed en al. 10Julle mag niks daarvan tot die volgende môre laat oorbly nie.Dit is die paasfees van die Here.

.....

14“Hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees. Julle moet dit as 'n fees tot eer van die Here vier. Vir julle nageslag moet dit 'n vaste instelling wees wat hulle moet vier. 15 Sewe dae lank moet die brood wat julle eet, ongesuurde brood wees.16 Op die eerste en die sewende dag moet daar 'n gewyde byeenkoms wees. Op hierdie dae mag geen werk gedoen word nie, behalwe dat vir elkeen iets te ete voorberei kan word.

17“Onderhou die fees van die ongesuurde brood, want die eerste dag van die fees is die presiese dag waarop Ek julle stamme uit Egipte sal bevry het. Julle en julle nageslagte moet dié dag altyd as 'n vaste instelling vier.

Maar die bevryding uit Egipte was eintlik net 'n halwe vry wees. Dit was maar net 'n politieke 'vrywees'. En dit was net 'n 'vrywees' vir 'n klein deeltjie van al die mense wat God gemaak het.

God het in Egipte en met Pasga eintlik vir ons 'n voorbeeld gegee van wat sy plan was vir mense uit elke land, kultuur en taal. Gelukkig vir ons was sy plan om 'n verLOSweesfees-ete reg te maak vir baie meer mense as net Israel.

Jesaja 25:6-12

*“⁶Op hierdie berg gaan die Here die Almagtige 'n **feesmaal** gereed maak vir al die volke, 'n feesmaal met die beste om te eet en te drink, goeie kos en geurige wyn. ⁷Op hierdie berg sal Hy die doek verwyder, die doek wat oor al die volke gegooi was, waarmee al die nasies toegemaak was. ⁸Hier sal die Here God die dood vir ewig vernietig, en die trane op almal se gesigte afvee.*

Met hierdie professie vertel God juis vir die Israeliete dat dit wat hulle ken, Egipte en die Paasfees, oor baie meer gaan as Egipte en die Paasfees. Die Here die Almagtige God wou baie ander verskillende mense van verskillende plekke ook vrymaak en ook 'n verLOSweesfees gee.

Hy gaan, soos Hy die Israeliete uit Egipte gered het en 'n fees ingestel het as herinnering – baie mense red en self vir hulle 'n groot partytjie regmaak met goeie kos en geurige wyn.

Maar, ook net soos in Egipte, was daar 'n Lam nodig. Daar was bloed nodig om genade te bring....

Johannes 1: 29-30

“²⁹Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!

Na duisende jare se Paas-feeste en geslagte skape sien Johannes dit sonder huiwering dadelik raak in Jesus: Die egte Lam vir die egte verLOSweesfees wat egte vryheid bring van die eintlike slawedrywer.

Jesus het geweet dit is sy werk op aarde: om mense uiteindelik los te koop van die duiwel as slawedrywer en 'n nuwe Goeie Heerser te word. In sy tyd op aarde het Hy gewys en vertel van wat 'n dissipel lewe is waarin God regeer. En Hy het gedoen wat nodig was sodat ons dissipel lewens mag ervaar waarin God regeer.

Matteus 26:26-29

“²⁶En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: “Neem, eet; dit is my liggaam.”

²⁷Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: “Drink almal daaruit, ²⁸want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes. ²⁹Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink.”

Waarmee Jesus en sy volgelinge hier besig was, was steeds dieselfde Paasfees wat bedoel was om die mense te herinner aan hulle bevryding as slawe uit Egipte.

Maar ‘Paasfees’ was nie vir Jesus maar net 'n goeie geleentheid om te verduidelik wie Hy is en wat Hy kom doen het nie... Dis eerder andersom. God het duisende jare terug die Paasfees ingestel juis vir hierdie oomblik...

Die oomblik waar Jesus self sou sê: “Kyk... Ek is julle Paaslam. Ek gaan julle vrymaak van 'n situasie waaruit julle nie self kan kom nie. My bloed en my liggaam gaan dit doen!” Ek is julle fees-ete!

Johannes 6:54-57

“ ⁵⁴Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan. ⁵⁵My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank. ⁵⁶Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. ⁵⁷Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.”

Ek is julle fees-ete om aan te smul vir egte bevryding van jou skuldgevoel en jou angs. Hy wat aan die fees deelneem waar ek op die spyskaart is... sal deur my lewe en Ek sal deur Hom lewe... en dit doen Jesus deur sy eie Gees in jou en my te gee.:

Romeine 8:14-17

“¹⁴Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. ¹⁵Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader. ¹⁶Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. ¹⁷En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.”

Nadat ons as slawe vrygemaak is deur te drink aan Jesus se bloed is hierdie Gees nou ons nuwe Kompas, maar: Een wat saggies binne in ons lei... nie van buite dwing nie. 'n Kompas wat ons harte so verander dat ons vir God luister nie omdat ons vir Hom bang is nie, maar omdat ons vir Hom lief is soos 'n kind vir sy pa en ma.

En dit is groot genade want as kinders gaan ons ook erf. Almal wat hulle deur sy Gees laat lei kan uitsien na nog meer en 'n nog voller verhouding met ons Vader en die moeder van groot feeste saam met ons nuwe geloofsfamilie in die lewe na die dood...

Psalm 23:5

⁵U laat my by 'n feesmaal aansit,
terwyl my teëstanders moet toekyk.

U ontvang my soos 'n eregas,
ek word oorlaai met hartlikheid.

⁶U goedheid en liefde
sal my lewe lank by my bly
en ek sal tuis wees
in die huis van die Here
tot in lengte van dae.

Slot

Die lyne deur die Bybel is duidelik: Nagmaal is nie 'n langesigfees nie maar 'n verLOSweesfees!

'n Fees oor verloswees van 'n situasie waaruit jy nie self kon kom nie.

Verlos om saam met God te lewe in Vanderbijlpark met sy Gees in jou hart en gedagtes...

Ons gaan nou hierdie selfde fees vier! En na dit gaan ons verder as verlose familie saam kuier vanmiddag.

'n Fees dat Hy deur ons lewe, en ons deur Hom kan lewe!

Amen.

Griffel van Wyk
15 Februarie 2015
Trinitas